

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aanstek van die kerse

Lied 464

O Heer my God, as ek in eerbied wonder –
en al u werke elke dag aanskou:

Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,
hoe U dit elke dag so onderhou...

Dan moet ek juig, my Redder en my God!

Hoe groot is U; hoe groot is U!

Want deur die hele skepping klink dit saam:

Hoe heerlik, Heer, u grote Naam!

Ek sien die veld – die bosse, berge, vlaktes.

Ek hoor hoe fluister grasse, stroom en wind.

O Heer, U sorg vir klein, vir groot, vir alles
en U sorg dag na dag vir my, u kind.

Woorddiens

Tema: Watter simbole is vir jou belangrik?

Skriflesing: Lukas 21:3-19

Broodjies vir die pad

“Man's ultimate concern must be expressed symbolically, because symbolic language alone is able to express the ultimate.”

— Paul Tillich

“My point, once again, is not that those ancient people told literal stories and we are now smart enough to take them symbolically, but that they told them symbolically and we are now dumb enough to take them literally.”

— John Dominic Crossan, *Who Is Jesus? Answers to Your Questions About the Historical Jesus*

John Dominic Crossan is generally regarded as the leading historical Jesus scholar in the world. He is the author of several bestselling books, including *The Historical Jesus*, *Jesus: A Revolutionary Biography*, *The Birth of Christianity*, and *Who Killed Jesus?* He lives in Clermont, Florida.

John Dominic Crossan was born in Nenagh, County Tipperary, Ireland in 1934. He was educated in Ireland and the United States, received a Doctorate of Divinity from Maynooth College in Ireland in 1959, and did post-doctoral research at the Pontifical Biblical Institute in Rome from 1959 to 1961 and at the École Biblique in Jerusalem from 1965 to 1967. He was a member of a thirteenth-century Roman Catholic religious order,

the Servites (Ordo Servorum Mariae), from 1950 to 1969 and was an ordained priest in 1957. He joined DePaul University in Chicago in 1969 and remained there until 1995. He is now a Professor Emeritus in its Department of Religious Studies.

https://www.goodreads.com/author/show/43692.John_Dominic_Crossan

“I wore black because I liked it. I still do, and wearing it still means something to me. It's still my symbol of rebellion -- against a stagnant status quo, against our hypocritical houses of God, against people whose minds are closed to others' ideas.”

— Johnny Cash

“A person can learn a lot from a dog, even a loopy one like ours. Marley taught me about living each day with unbridled exuberance and joy, about seizing the moment and following your heart. He taught me to appreciate the simple things—a walk in the woods, a fresh snowfall, a nap in a shaft of winter sunlight. And as he grew old and achy, he taught me about optimism in the face of adversity. Mostly, he taught me about friendship and selflessness and, above all else, unwavering loyalty.”

— John Grogan, *Marley and Me: Life and Love With the World's Worst Dog*

“A dog has no use for fancy cars or big homes or designer clothes. Status symbol means nothing to him. A waterlogged stick will do just fine. A dog judges others not by their color or creed or class but by who they are inside. A dog doesn't care if you are rich or poor, educated or illiterate, clever or dull. Give him your heart and he will give you his. It was really quite simple, and yet we humans, so much wiser and more sophisticated, have always had trouble figuring out what really counts and what does not. As I wrote that farewell column to Marley, I realized it was all right there in front of us, if only we opened our eyes. Sometimes it took a dog with bad breath, worse manners, and pure intentions to help us see.”

— John Grogan

Jansen wen grootste prys vir Afrikaanse skryfkuns

Laetitia Pople

“Ek is totaal geskok, ek wil dit so graag hê, dit is so 'n groot prys en dit is nie die eerste keer wat ek daarvoor aansoek gedoen het nie.”

So het die skrywer Valda Jansen gereageer op die nuus dat sy die wenner is van die gesogte Jan Rabie-en-Marjorie Wallace-skrywersbeurs vir 2020.

Die beurs beloop R430 000 en is die grootste prys vir skryfkuns in Afrikaans. Die beurs spruit uit 'n bemaking van wyle Marjorie Wallace ter ondersteuning van kreatiewe skryfkuns in Afrikaans. Dit word toegeken in die gees van Rabie en Wallace se werk en strewe ten opsigte van Afrikaans as die taal van 'n breë gemeenskap. Vorige weners sluit in Nathan Trantraal, Ronelda Kamfer, SJ Naudé en André P. Brink.

“Ek voel so emosioneel, so diep dankbaar, ek voel dat ek nou vir die eerste keer kan asemhaal, dit is moeilik om net te kan skryf, ’n mens moet ook leef, en oorleef in die lewe, alles het so duur geword,” het Jansen gesê.

“Ek het nou die ruimte om net te kan skryf en nie bekommerd te wees oor hoe ek dit of dat gaan betaal nie.”

Die Jan Rabie- en- Marjorie Wallace-beurs is die grootste prys vir die aanmoediging van skeppende skrywers in Suid-Afrika. “Dit getuig van Rabie en Wallace se visie en ruimhartigheid van gees,” het prof. Tyrone Pretorius, rektor en vise-kanselier van die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK), wat die beurs bestuur gesê.

Die beurskomitee bestaan uit kundiges in die skrywerswêreld en hulle het eenparig besluit op Jansen se aansoek. Altesame 24 aansoeke is ontvang en die komitee was diep onder die indruk van die diverse stemme, genres en skryfervaring van die aansoekers, luidens ’n persverklaring. Hulle was dit eens oor die hoë gehalte van die aansoeke as ’n hernude bevestiging van die lewenskragtigheid en talent binne die Afrikaanse skrywersgemeenskap.

Jansen, ’n eertydse joernalis, se debuutroman /Hy kom met die skoelappers /is in 2017 met die Jan Rabie-/Rapport/-prys vir die beste debuutfiksiewerk vereer.

Sy gaan werk aan ’n roman oor die Namavrou Zara Schmelen van die Namakwaland wat tweehonderd jaar gelede die Bybel in Nama vertaal het. “Ons behoort te weet van vroue wat wonderlike goed in die geskiedenis gedoen het. Ek het reeds baie van die navorsing gedoen en die plekke besoek waar sy gewoon het, maar daar lê nog baie werk voor.”

Jansen se voorstel vir haar voorgename roman sentreer rondom drie vroue uit drie tydperke en generasies wat elkeen op besondere wyse reageer op die heersende diskoerse van hulle tyd. In die proses bring Jansen miskende geskiedenis na die oppervlak. Van die kwessies wat sy aansny, is taal en identiteit asook die problematiek van inheemse mense se aandeel aan die geskiedenis en hul bydrae tot kultuurerfenisse.

“Dit kan ’n treffende en tydige Afrikaanse roman wees wat lig werp op hierdie komplekse kwessies,” het een van die komiteelede gesê.

Die wenner van die toekening word op Jan Rabie se verjaarsdag op 14 November bekendgemaak. Hy sou vanjaar 99 gewees het.

<https://www.netwerk24.com/Vermaak/Boeke/jansen-wen-grootste-prys-vir-afrikaanse-skrifkuns-20191114>

“no life of faith can be lived privately. There must be an overflow into the lives of others.”

— C.K. Chesterton

“How unbearably tragic it would be, though, if the millions of Asia, South America and Africa were led to believe that the best we can hope for from The Way of Christ is the level of Christianity visible in Europe and America today,”

— Dallas Willard, *The Spirit of the Disciplines: Understanding How God Changes Lives*

Brood vir die pad

Dit is hoekom gewyde musiek jou oorrumpel

Wilhelm Jordaen

Ek het al baie gewonder waarom gewyde musiek ’n mens so kan oorrumpel dat jy weerloos is en ’n mengsel van verrukking, verlange en verdriet beleef.

Soos dit die naweek gebeur het in ’n kerkdiens waar die bekende Palissander-kamerkoor deur die sing van ’n Xhosa-lied, “Indodana kankulunkulu” (“Die Here het sy seun geneem wat onder ons gewoon het”), die kerkgebou omskep het in ’n magtige katedraal van uitkringende klank en betekenis.

Neurowetenskaplikes verklaar sulke emosies deur te wys op bepaalde breingebiede se funksies wat ekstase bewerkstellig.

Maar daar is mos iets meer as net dít. Miskien het dit te doen daarmee dat gewyde musiek, en van die ander kunste, ’n bewussyn van dubbelhartigheid aan ons besorg: dat ons by die kruis kniel én teen die hemel skel; geloof bely én in ongeloof versink; opgaan in die grootse én die geringe bedink; week van hart is én vernietigend hardvogtig; dat ons na die lig verlang én in donkerheid vertoef.

Lank gelede het die filosoof Plato gesê die siel van die wêreld is deur musikale harmonie gekomponeer. Wanneer jy dan gewyde musiek en sang hoor, spreek die skoonheid en harmonie daarvan tot die disharmonie in jou. Daaruit kom die weemoed en die verlange na heelmaking; dat die verrukking van die oomblik jou sal bybly.

Selfs die ou rakker van ’n rocker Bruce Springsteen maak van tyd tot tyd sulke musiek.

Byvoorbeeld, van oudsher is die lied “When the Saints Go Marching In”, ’n *spiritual* wat op baie maniere verfonkfaai en opgedollie word, by raserige sportgeleenthede, in rokerige kroë en deur studerende lawaaimakers op kampusse gesing.

Springsteen, sy singende vrou en ’n swart sanger het by geleentheid die lied se oorspronklike toonaard herskep – dié van verlange om plek te hê in ’n “nuwe wêreld”, in die weefsel ’n onpeilbare, uitdyende kosmos: “To be in that number when the saints go marching in . . .”

Ander kunste doen ook wat gewyde musiek doen, byvoorbeeld in El Greco se skildery *Die trane van Petrus*, wat ek lank gelede in Greco se huismuseum in Toledo, Spanje, gesien het.

In die middel van die skildery staan die apostel Petrus in die stilte van trane – trane oor die dood van sy geliefde meester én sy trane oor sy eie verraad.

Die samestelling van die skildery lei jou oë van ’n oorheersend donker en somber deel na Petrus se betraande oë wat, in lig gebaai, met eerbied boontoe kyk na ’n onsigbare God wat iewers in die êrens is.

Om daarmee te sê: In die mens Petrus, soos in elkeen van ons, sluit donker en lig mekaar nie uit nie; word donker ’n voorwaarde om die heimwee en verlange na lig te begryp.

En só word harmonie die immer skuiwende ewewig tussen donker en lig.

* *Jordaen is ’n buitengewone professor in sielkunde aan die Universiteit van Pretoria.*

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/dit-is-hoekom-gewyde-musiek-jou-oorrompel-20191106>

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

Ubi caritas, et amor

ubi caritas, Deus ibi est.